

Gereformeerde Kerk Bellville – 14 April 2017 – Goeie Vrydag

Sing vooraf staande: Psalm 69:9, 13 (p. 344)

- 9 Dié smaad het my die hart gebreek; / ek beef en wag op medely;
maar tevergeefs, geen troos vir my. / Hoe ek al om erbarming smeeek,
gal het hul my as spys gegee; / asyn – hul les my dors daarmee.
- 13 Sagmoediges sal dit aanskou / en bly wees as hul dit beleef.
Laat dié wat hul tot God begeef, / herleef, met frisse krag bedou.
God hoor hul wat behoefdig is / en kwyn in die gevangenis.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 68:9, 13 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Gebed

Skrifberyming 5-1:1, 5 (Sb 6)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit,
want hul weer nie wat hul doen nie." / As Hy so sy bede bid,
dan weerklink daar, slag ná slag, / hamerhoue van die wag.
- 5 In 'n wêreldwye dorheid, / met 'n brandend-droë bors,
roep die Heer van alle dinge, / Skrifvervullend: "Ek het dors!"
En hul het Hom in sy wee / edik uit 'n spons gegee.

Skriflesing: Johannes 19:17-37

Kernverse: Johannes 19:28-29

**Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was – sodat die Skrif
vervul sou word – het Jesus gesê: Ek het dors! En daar het 'n kan vol
asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n
hisopstingel gesit en aan sy mond gebring.
(Johannes 19:28-29 AFR53)**

Tema: Christus se dors is ons en die wêreld se verkwikking

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om dors te ly, is verseker een van die ergste en
moeilike lydings wat 'n mens kan oorkom. Baie van ons het seker al in die somerdroogte
gesmag na 'n glas yskoue water. En as die water buite 'n mens se bereik bly, is dit asof die
dors net al erger word. Ons hier in die Skiereiland weet baie goed watter ellende 'n tekort
aan water meebring. Kyk maar net na baie van die tuine en die veld – alles is verdor.

In sy vyfde kruiswoord hoor ons die skor stem van Jesus aan die kruis sy liggaamlike lyding uitroep: **Ek het dors!** Dit is 'n kort klagte uit die mond van ons Verlosser wat juis gekom het om aan die mens wat smag onder die druk van sonde en ellende lafenis te gee. Die sondaar wat weet hoe ellendig hy is smag na Jesus, want Hy is die oorvloedige fontein van lewende water. Dit is mos wat Jesus vir die Samaritaanse vrou by die put gesê het. Hy sal vir haar lewende water gee en dié water sal haar dors tot in ewigheid les (Joh 4:10).

Wanneer 'n mens hierdie woorde van Jesus aan die Samaritaanse vrou hoor, klink hierdie vyfde kruiswoord heeltemal onvanpas. Hoe kan Hy wat die Christus is en die bron van die lewende water is, nou kla dat Hy dors het? En hoe kan Hy wat sy dors met 'n skor en hees stem bekla, aan ons die lewende water gee? Om antwoorde op hierdie vrae te kry, let ons op drie sake: Jesus se liggaamlike lyding aan die kruis, hoe sy dors ons dors les en hoe Hy die wêreld se dors les.

Broers, susters en kinders, teen drieur daardie Vrydagmiddag het die lig weer deurgebreek op Golgota. Op daardie uur het Jesus hard uitgeroep: **Eli, Eli, léma sabagtani?** Dit beteken: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* Na drie ure van helse smart en pyn oor die sondes van mense het Jesus dit eers kon uitroep. In sy siel en gees is Hy gepynig omdat Hy die straf op ons sondes gedra het. God het al sy toorn oor die mensdom se sondes oor sy Seun uitgegiet sodat Jesus die ewige pyn en ellende wat die mens vir sy sondes verdien in daardie tyd van Godverlatenheid gedra het.

Na afloop van hierdie gebeure, toe dit weer lig was op Golgota, kon die dors nie meer uitgestaan word nie. Jesus hang immers al bykans nege uur lank aan die kruis. Die hele vorige nag vandat Hy gevange geneem is, is Hy mishandel. Hy is geslaan, gespoeg, geesel en van die een regbank na die ander gedryf sonder om lafenis te ontvang. Nou hang Hy al vir bykans nege uur aan die kruis en die ontsettende dors het Hom beetgepak. Die dors is veroorsaak deur sonstrale maar ook deur die koorsgloed as gevolg van die wonde aan sy liggaam en in sy hande en voete wat al ontsteek het. Daarby is Hy in sy siel geknel. Een van sy dissipels het Hom verloën en 'n ander een het Hom verraai en sy eie Vader het Hom in die angste van die hel verlaat. Daarom is dit geen wonder dat 'n ontsettende dors nou sy keel aan die brand het en sy tong aan sy verhemelte laat kleef nie. Jesus het mos in die gelykenis van Lasarus en die ryk man vertel hoe die helse smart die ryk man na 'n druppel water laat smag het (Luk 16:24).

As die Heilige Gees deur Johannes vir ons hierdie kort klagte oor Jesus se liggaamlike lyding neerskryf, is dit nie om aards van Jesus te praat of te dink nie. Inteendeel, met hierdie klagte is Jesus juis besig om ons aardse behoeftes te heilig. Jesus is immers 'n ware mens met 'n liggaam en 'n siel soos jy en ek. En Hy het na hierdie wêreld gekom om die mens na liggaam en siel van die verwoesting van die sonde te bevry. Daarom is Hy in sy sterwensure ook besig om ons aardse behoeftes te heilig. Die mens se liggaamlike behoeftes en nood is mos nie minderwaardig nie, want ook die mens se liggaam is deur ons Here Jesus vry-gekoop om aan Hom te behoort.

Uit hierdie liggaamlike lyding van Jesus leer ons dat ons ons nie hoef te skaam oor ons honger of dors of watter liggaamlike nood ook al nie. Hierdie bittere nood mag ons nie weg van God en sy kinders af hou nie, want Jesus het aan die kruis oor hierdie liggaamlike nood nog gepraat. En as ons ons nood bekla, moet ons dit nie net in gebed tot God se oor rig nie. Aan die kruis het Jesus nie tot sy Vader uitgeroep dat Hy dors het nie. Inteendeel, Hy het vir mense van wie Hy geen menslikheid kon verwag nie, gesê: **Ek het dors!**

Hy kla nie aanhoudend nie. Hy gee nie 'n uitvoerige beskrywing van sy nood nie. Net met een kort klagte roep Hy uit: **Ek het dors!** Verder laat Hy die verloop van sy klagte aan sy goeie Vader oor, want Jesus weet dat alles klaar volbring is. Hy het allereers die koninkryk van God en sy geregtigheid gesoek. Daarom sal sy Vader alles waaraan Hy nog behoefte het aan Hom gee.

In ons nooddruf en lyding is dit die pad wat Jesus ons aanwys. Soek allereers die koninkryk van God en sy geregtigheid en ons Vader in die hemel sal gee wat ons nog nodig het. Daarom kan en mag ons ook ons nood bekla in die oor van mense en dit verder aan in die hande van God oorlaat. Hy sal die verloop van die klagte verder voer.

Maar Jesus Christus is nie net ons Leermeester oor hoe ons ons nood moet bekla nie. Hy is immers in die heel eerste plek ons Verlosser. En sy hele lewe, van die krip tot die kruis, is ons versoening met God. In sy lyding is ons verlossing. In sy boeie is ons vryheid. In sy vonnis is ons vrypraak. In sy dood is ons lewe. In sy versmagting van dors is ons lafenis.

Deur die Heilige Gees gelei, sien Johannes in hierdie klagte van Christus nie net die liggaam-like lyding raak nie. Hy sien ook die vervulling van die Skrif daarin raak. Ook die profetiese woorde wat Dawid in Psalm 69 gespreek het, moet vervul word:

En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink. (Psalm 69:22 AFR53)

In Jesus se versmagting van dors is ons lafenis.

So is dit inderdaad. Die mens wat deur God se genade homself in sy diepste nood van sonde en ellende ontdek en geleer het om met die psalm van die hygende hert in te stem, vind slegs in Hom wat versmag het aan die kruishout verkwikking. Die mens wat Jesus Christus in die geloof omhels as sy Verlosser kan verseker weet dat Hy vir hulle midde-in sy verdorring aan die kruis versoening gebring het met God.

Jesaja het dit mos so geprofeteer. Deur sy wonde wat die koorsgloede veroorsaak het, het daar vir ons genesing gekom. Sy verbryselde liggaam aan die kruis het vir ons die vertroosting gebring, die lafenis vir ons hele lewe. Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom (Jes 53:5). So het Hy dit wat ons van God vervreem het weggeneem. Sy bloed bedek gelowiges se skuld en in Homself het die fontein geopen. En wie van hierdie fontein se lewende water drink, word in der ewigheid nooit weer dors nie. Wie in Jesus Christus glo en Hom as sy persoonlike Saligmaker aanneem, sal nooit teleurgestel staan op die dag van oordeel nie.

Kom, broers, susters en kinders, laat ons wegkom van die giftige fonteine van die sonde. Laat ons wegkom van die brakwater van hierdie wêreld wat nooit ons dors sal les nie. Laat ons vlug na die Fontein van die lewende water met elke nuwe dors. In Christus vind ons die volle stroom van seën wat nooit opdroog nie. Laat ons in die geloof groot slukke neem van hierdie lewende water. Die mens wat hierdie Fontein met lewende water nou verbygaan en verwerp, sal vir ewig smag en met 'n hees stem uitroep: Ek het dors, soos die ryk man teenoor Abraham gesê het (Luk 16:24).

En ons hoef niks vir hierdie lewende water te betaal nie. Helder skoon water uit Christus is verniet en verfris altyddeur. Alhoewel ons in hierdie lewe weens ons swakheid en gebreke net klein slukkies kan neem, lei Christus die gelowige in sy sterwensuur na die ewige bron van hierdie lewende water wanneer Hy sê: Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die

Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet (Open 21:6). Dan vervul ons Here Jesus Christus ons goeie Herder ook Psalm 23 in sy volheid aan elkeen van God se kinders. Hy laat hulle neerlê by waters waar daar vrede is.

In die laaste plek luister ons hoe Christus ook die dors van die wêreld les. Ons keer terug na Jesus se woorde aan die kruis: **Ek het dors!** Hy het dit nie vir God gesê nie, maar vir mense wat juis daar rondom die kruis vergader was om te sien hoe Hy ly en uiteindelik sterf. Aan mense, van wie Hy geen menslikheid kon verwag nie, sê Hy: **Ek het dors!**

Dan is dit nie Johannes of een van die vroue by die kruis nie, nog minder een van die priesterhoofde of Fariseërs, maar 'n geharde en ruwe soldaat wat dadelik 'n spons neem, dit in die asyn druk en op 'n stok omhoog hou om Jesus se verskroeiende lippe nat te maak. Watter mag het die gekruisigde en verbryselde Christus oor die hart van die ongelowige wêreld dat Hy liefde en barmhartigheid uit so 'n harde mens kan ontlok. Nie eers die gespot van die Fariseërs en hulle woorde van veragting het die soldaat gekeer om Jesus te help nie.

Geliefdes, ons het dit aan ons smagtende Christus te danke dat daar selfs van die ongelowiges verkwikking kom vir mense wat ly, dat daar barmhartigheid kom uit 'n wêreld wat nog nie geleer het om na Christus te smag nie. Baie mense wat Christus nog nie ken as die Fontein uit wie die lewende water stroom nie gee baie maal hulp en bystand aan mense wat deur watter ellendes ook al getref is. Gelowiges moenie liefdeloos of neerhalend van hierdie hulp wat nie uit ware geloof spruit praat nie. Christus het nie die hulp van die harde en ruwe soldaat verwerp nie, maar dit dankbaar aangeneem.

Al help die ongelowiges die mense in nood nie in die eerste plek om God te verheerlik nie, moet ons God dank dat daar nog menslikheid en liefde in hierdie wêreld is. Daarsonder sou hierdie wêreld die wreedste plek in die hele skepping wees om in te bly.

Maar op hierdie punt vermaan die Here ons ook vanoggend. Die gemeente wat deur Christus vrygekoop is uit die wreedheid van die sonde en wat al vir baie jare van die lewende water drink, mag nie deur die ongelowiges in hierdie saak beskaamd gemaak word nie. Die liefde in ons hart is nie maar net menslikheid en liefde nie. Die liefde in ons hart is vrug van die geloof wat die Heilige Gees vanuit Christus in ons tot stand bring. En omdat ons die liefde van God en Christus mag beleef, word ons deur die liefde vir Christus gedring om seëninge rondom ons uit te strooi deur te dien, te troos en te help.

En om die liggaamlike nood in hierdie wêreld te verlig, het 'n mens nie skatte nodig nie. Die soldaat het maar 'n stok, 'n spons en 'n kan asyn gehad om te help. En hy het dadelik gehelp. Sulke onmiddellike hulpbetoning onder aandrif van die liefde is by uitnemendheid die ken-merk van 'n lewende kerk van Christus.

Ons moenie draai totdat die liefde weer afgekoel het nie. Dadelik moet ons help, want dit is wat die Here van ons verwag. Christus wil deur ons die lafenis gee op die eerste klag en nie eers nadat die klag tot moegwordens toe herhaal is nie. Christus wil deur ons lafenis gee op die kortste klag en nie eers wanneer allerhande lang storietjies van swaarkry vertel is nie. Christus wil dat ons persoonlik die lafenis gee. Met ons eie hande moet ons die hulp en vertroosting gee. Christus wil dat ons ondanks die kritiek uit watter oord ook al met die hulpbetoning sal volhard. Dit is die roeping van die kerk aan hierdie wêreld wat nog nie weet dat Christus die Fontein met die lewende water is nie.

Christus wil immers die hele wêreld nuut maak. En Hy gaan dit nie eers begin doen wanneer Hy weer kom nie. Hy doen dit nou al reeds deur sy kerk wat deur die Heilige Gees nuut gemaak is. Ja, ons sal nie al die nood en swaarkry uit hierdie wêreld kan wegneem nie, maar ons gaan voort met die roeping wat die Here ons gegee het, want ons weet Christus kom weer. Dan sal Hy finaal 'n einde aan alle nood en swaarkry bring.

Ons sluit af. Met sy klag oor sy liggaamlik lyding leer Jesus ons die weg met ons liggaamlike lyding. Omdat Hy geweet het dat Hy God se wil volbring het, kon Hy sy eie nood uitspreek en weet God sal ook daarin voorsien. Soek allereers die koninkryk van God en sy geregtigheid en Hy sal alles byvoeg wat ons nog nodig het.

Met sy uitroep: Ek het dors, vervul Christus die Skrif. Hy is die Verlosser wat God deur al die eeue heen beloof het en van wie die profete geprofeteer het. Hy is verbrysel sodat ons gered kan word. Hy is stukkend geslaan sodat ons uit Hom die lewende water kan drink.

Met sy geroep: Ek het dors! dryf Christus ons met sy liefde en Gees om nie 'n dowe oor en 'n blinde oog te hê vir die nood in hierdie wêreld nie. Christus wil die dors van hierdie wêreld les, en Hy wil dit deur niemand anders doen as sy kerk nie. Hy maak die wêreld nou al nuut deur sy kerk wat haar roeping vervul om te help, te vertrou en lafenis te gee.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 5-2:4, 8 (Sb 7)

- 4 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,
die straf uit swaarste regsgeeding, / wat ons die volle vrede bring,
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.
- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 April 2017